

DIE OOREENKOMSTE EN VERSKILLE TUSSEN

BYBELONDERRIG EN BYBELKUNDE

J H BOTHA

1.1 INLEIDING

Bybelonderrig en Bybelkunde word dikwels verwar en daarom is dit nodig om die belangrikste ooreenkomste en verskille tussen hierdie twee vakgebiede kortliks uiteen te sit.

Bybelonderrig is 'n verpligte nie-eksamenvak in alle standers in alle onsektariese skole, met die uitsondering van leerlinge wat gewetensbeswaar het, waar die inhoud van die Bybel as 'n getuienis aangaande God op outentieke wyse vir die leerlinge onderrig word sodat hulle dié kennis tot lewensinhoud kan konstitueer. (Departement van Onderwys. *Bybelonderrig*: 3-4)

Bybelkunde is as 'n keuse-eksamenvak in die senior sekondêre skoolfase 'n wetenskaplike bestudering van die Heilige Skrif, spesifiek die Ou en die Nuwe Testament, vanuit 'n bepaalde sistematies-teologiese aanbieding (Van Huyssteen 1974: 3). Bybelkunde word in die hoër en standaard-graad aangebied.

Die ooreenkomste en verskille kan onder andere onder die volgende hoofde uiteengesit word: Algemeen

Die gesindheid van die onderwyser en die leerlinge

Doelstellings

Onderrig

Leerinhoud

Leer

Werkopdragte

Evaluering

1.2 OOREENKOMSTE EN VERSKILLE TUSSEN BYBELONDERRIG EN BYBELKUNDE

1.2.1 Algemeen

In 'n skool waar Bybelkunde in die senior sekondêre skoolfase as 'n keusevak op die hoër en/of standaardgraad aangebied word, kies die leerlinge self na aanleiding van hulle eie bekwaamheid, aanleg en belangstelling of

hulle die vak by hulle kurrikula wil insluit. Bybelonderrig is 'n verpligte nie-eksamenvak waar alle leerlinge volgens die voorgeskrewe sillabus onderrig word, behalwe in gevalle waar dit teen die geloofs-oortuiging van die ouers en die leerlinge indruis en die ouers die afwesigheid van hulle kinders by sulke geleenthede skriftelik versoek.

Die Onderwysordonnansie (no 20 van 1959, soos gewysig) bepaal dat Bybelonderrig in elke standaard in die primêre skool 90 minute per week moet wees en 70 minute per week in die sekondêre skool, en dat die tyd op 'n verantwoordbare wyse in periodes ingedeel sal word. Die tydtoewysing vir Bybelkunde is dieselfde as vir byvoorbeeld Aardrykskunde en Geskiedenis, naamlik ses periodes van 35 minute elk per week.*

Wat Bybelonderrig betref beantwoord die meeste onderwysers net aan die minimum-vereistes van opleiding, alhoewel sommige van hulle een of meer kursusse in Bybelkunde geneem het. Bybelkunde word net deur gespesialiseerde onderwysers aangebied, dit wil sê persone wat Bybelkunde minstens tot op tweedejaarsvlak geneem het en opgelei is in die Metodiek van Bybelkunde. Laasgenoemde onderwysers is egter ook by uitstek geskik om Bybelonderrig te gee.

Bybelkunde is 'n keusevak vir onderwysers wat aan 'n universiteit studeer. Dit beteken dat 'n persoon wat Bybelkunde bestudeer dit doen vanuit 'n bepaalde aanleg en belangstelling - en geloofs-oortuiging. Bybelonderrig is egter 'n verpligte vak vir alle onderwysers. Vrystelling kan net op grond van geloofs-oortuiging verkry word, of as die student Bybelkunde aan 'n universiteit tot op tweedejaarsvlak geneem het tesame met 'n kursus in die Metodiek van Bybelkunde. Vrystelling word in die laasgenoemde geval verleen omdat so 'n student ook in staat is om Bybelonderrig te gee.

1.2.2 Die Gesindheid van die Onderwysers en die Leerlinge

Alhoewel 'n positiewe gesindheid van die leerlinge ten opsigte van Bybelonderrig van wesenlike belang is met betrekking tot die uiteinde-like verwesenliking van die doelstellings van die vak, kan daar gevalle wees waar daar leerlinge in die klas is sonder dat hulle die minste belangstel in die leerinhoud wat aangebied word, en wel omdat daar nie

* Daar bestaan geen amptelike dokument waarin die tydtoewysing van Bybelkunde uiteengesit word nie. Die gegewe tyd, naamlik ses periodes van ongeveer 35 minute, is deur verskeie hoërskoolhoofde en 'n Inspekteur van Onderwys bevestig.

doelgerigte teenprestasies van hulle verwag word nie vanweë die feit dat Bybelonderrig 'n nie-eksamenvak is, of omdat die leerlinge volgens Ordonnansie (no 20 van 1959) nie verplig kan word om die lesse by te woon nie. In baie sulke gevalle mag motivering ook nie eens van waarde wees nie. In ander gevalle mag die onderwyser daarin slaag om die leerlinge tog te motiveer om by die lesse betrokke te raak en voordeel uit die onderrig te trek.

In die geval van Bybelkunde wat die leerlinge as skoolvak kies, is die gesindheid van dié leerlinge van fundamentele belang, want hier gaan dit om 'n insigtelike en diepgaande studie van die Bybel en verbandhoudende sake. Die bestudering van hierdie leerinhoud hou dan ook direk verband met die leerling se geloofslawe en kan as 'n stewige fondament in hierdie verband dien. 'n Leerling wat 'n vak op 'n intensiewe wyse bestudeer wat teen sy geloofsoortuiging indruis, wat buite sy belangstellingsveld val en waarvoor hy nie die regte gesindheid openbaar nie sal beslis

Die gesindheid van die onderwyser ten opsigte van beide vakke is van wesenlike belang aangesien dit hier nie maar net om "enige" leerinhoud gaan wat onderrig word met die oog op algemene kennis en vaardighede nie, maar om besondere leerinhoud wat die mens se diepste wese raak en wat as basis vir die kind se geloof moet dien. In die onderrig van veral Bybelonderrig en Bybelkunde kan die Christenonderwyser op 'n besondere wyse gestalte gee aan die Bybelse opdrag wat tot elke gelowige spreek, naamlik, "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies ... en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het" (Matt 28:19). Die onderwyser wat sy werk getrou in die lig van dié opdrag doen, kan seker wees dat hy die algemene en besondere doelstellings van Bybelonderrig en Bybelkunde in 'n hoë mate met die leerlinge sal verwesenlik.

1.2.3 Doelstellings

Die algemene doelstellings van Bybelonderrig en Bybelkunde is om -

- a) kennis van die Bybel as geïnspireerde Woord van God op 'n insigtelike wyse aan die leerlinge oor te dra;
- b) deur middel van dié kennis en insigte die weg vir die leerlinge voor te berei tot 'n lewende Godsgeloof via die Middelaar Jesus Christus; en
- c) die kennis in verband te bring met hulle persoonlike lewe en behoeftes sodat hulle die betekenis daarvan in hul daaglikse lewe

kan verwesenlik (Departement van Onderwys, *Bybelonderrig*: 5).

Bogenoemde algemene opvoedingsdoelstellings kan in Bybelonderrig net verwesenlik word deur die gereelde verwesenliking van die besondere les- en leerdoelstellings van elke afsonderlike les. In Bybelonderriglesse word bepaalde onderwerpe soos deur die sillabus voorgeskryf vir die leerlinge onderrig, en hoe beter die gesindheid van die onderwyser, hoe meer moeite sal hy met elke les doen. Alhoewel dit van die leerlinge verwag word om die inhoudelike van elke les te ken, is die hoofdoel om vir hulle insig te gee in die betekenis wat dit vir hulle persoonlik het, met ander woorde die leerlinge moet die leerinhoud tot leefinhoud konstitueer. Dit beteken dat hulle die norme van die Bybel in hul daaglikse lewe op so 'n wyse moet toepas en uitlewe dat hulle te alle tye as kinders van Jesus geken en gekenmerk sal word.

Bybelkunde is 'n akademiese skoolvak met dieselfde algemene doelstellings as Bybelonderrig. Vanweë die vak se besondere struktuur word dit egter op 'n meer wetenskaplike wyse benader en insigtelik bestudeer. In die standaardgraad-sillabus val die klem op feitekennis en in die hoër graad-sillabus meer op insig.

Beide vakke het die behoorlike Christelike opvoeding van die leerlinge ten doel en stem ooreen ten opsigte van -

- a) 'n God-gerigtheid en vertrekpunt;
- b) 'n Christosentriese geörienteerdheid;
- c) die Bybel wat as Woord van God bestudeer word;
- d) die Bybelse waarhede as studie-objek;
- e) die Bybel as normatiewe riglyn vir die opvoeding van die kind.

1.2.4 Onderrig

Die onderwyser wat die leerlinge aan die hand van die leerinhoud van Bybelonderrig en Bybelkunde wil *opvoed*, kan dit nie doen sonder dat die werklikheidsstruktuur van didaskein (Gous 1972: hfst 2) in elke afsonderlike opvoedingsituasie figureer nie. Dit beteken dat die kategorieë van die struktuur van didaskein, byvoorbeeld ontsluiting van werklikheid, begeleiding, toetrede tot werklikheid, eie deelname, ensovoorts in elke les teenwoordig moet wees.

Die wyse van onderrig sal egter in elk van die twee ter sprake vakke grotere of kleinere verskille toon afhangende van die tipe les (ekspli-

siteringsles, eksperimenteringsles, waarderingsles, demonstrasieles, en so meer (Van der Stoep 1973: 94-101)), die benaderingswyse (induktief of deduktief), die les- en leerdoelstellings, die probleem(e) wat ge-identifiseer en gestel word, die besondere leerinhoud van die les (Bybelgeskiedenis, gelykenis, wonderwerk, kaartstudie, geografie, ens.), metodes van onderrig, didaktiese beginsels wat implementeer word, hulpmiddels, wyse van evaluering, die besondere aard en ouderdom van die leerlinge en die gesindheid en vindingrykheid van die onderwyser self.

Die moontlikheid bestaan egter dat alle lesse stereotiep en eenduidig aangebied kan word, maar dan lê die oorsaak by die onderwyser self.

Die sillabus van Bybelonderrig stel dit duidelik dat die leerlinge sover moontlik *aktief* aan die lesse sal deelneem, byvoorbeeld deur gebed, sang en die gebruik van die Bybel en die werkboek (Departement van Onderwys, *Bybelonderrig: 5-6*). In die aanbieding van Bybelkunde kan daar egter in 'n nog groter mate gedifferensieer word aangesien die studieveld baie groter is as die van Bybelonderrig en baie meer tyd aan die vak toegewys is. Die sillabus van Bybelkunde vereis dat onderrigmetodes wat *selfwerksaamheid* sal kweek, aangewend sal word (Departement van Onderwys, *Senior Sekondêre Kursus, Sillabus vir Bybelkunde: 3*).

Hoe ouer die kind, hoe meer kan die wyse van onderrig varieer, deur byvoorbeeld indringende besprekings, navorsing of selfstudietake waar die biblioteek gebruik word. Die beginsel van metodevariasie is in alle gevalle belangrik, want hierdeur word die leerlinge se aandag en belangstelling behou. Die element van aanbidding en eerbied vir Gods Woord moet egter in elke les teenwoordig wees.

1.2.5 Leerinhoud

Die leerinhoud van Bybelonderrig en Bybelkunde het die inhoud van die Bybel as objek van studie. In Bybelonderrig in die primêre skool val die klem hoofsaaklik op die inhoud van die Bybel, terwyl verbandhoudende sake, byvoorbeeld temas oor die huisgesin en die huwelik en ander belangrike lewensvraagstukke in die senior sekondêre standers by die sillabus bygevoeg is; alles egter Skrifgefundeerd.

Bybelkunde word op die hoër en standaard-graad aangebied - dus twee verskillende sillabusse. Dit is egter interessant om daarop te let

dat die hoër graad-sillabus al die onderwerpe van die standaard-graad insluit. Bo en behalwe hierdie temas bevat die hoër graad-sillabus nog 'n aantal onderwerpe vir bestudering; 'n verskil van omtrent 15%. Bybelkunde is oor die hele spektrum egter direk Bybelgerig.

Bybelkunde is meer as die blote leer van Bybelse inhoude. Dit gaan hier om 'n insigtelike, wetenskaplike studie van die Bybel. Bybelfeite word ondersoek, geanaliseer en herstruktureer - 'n strukturering van waarheidswaarde word nagestreef ten opsigte van onder andere historisiteit, die verloop van gebeure en eksegese. In Bybelonderrig gaan dit veral om Bybelkennis, die sinvolle vertolking daarvan, 'n aanvaarding van die inhoud as waar, eg en aktueel en die betekenisvolle toepassing daarvan in die leerlinge se daaglikse lewe. Dit dien ook as basis vir sy geloof.

Aangesien Bybelkunde 'n volwaardige akademiese eksamenvak is, het dit bo en behalwe die verryking van die leerling se lewe ook ander voordele vir hom. Die leerling in die kategese het 'n groot voorsprong bo die ander wat nie Bybelkunde neem nie. Dit kan ook as voorkennis dien vir die leerlinge wat hulleself as predikante, sendelinge, maatskaplike werkers, onderwysers, en dergelike meer wil bekwaam.

1.2.6 Leer

Beide Bybelonderrig en Bybelkunde het die behoorlike, Christelike anderswording van die leerling as doelstelling. Geen kind kan anders word as hy nie self op een of ander wyse by die leerinhoud betrokke raak nie. Die selfdoen van die kind beklemtoon in 'n besondere mate die lewensfeit dat die kind alleen maar self kan leer en doen, self aan die opvoedingsgebeure kan deelneem en maar self ook verantwoordelikheid kan aanvaar vir sy eie emansipasie, mondigheid, gevormdheid en volwassenheid as sedelike selfbepaling (Gous 1972: 91).

Dit word van die leerling verwag om beide leerinhoude te leer. Teenoor die leerlinge wat nie verplig kan word om die leerinhoud van Bybelonderrig te leer nie, is en voel die leerlinge wat Bybelkunde neem verplig om hierdie leerinhoud behoorlik te bemeester aangesien hulle toetse en eksamens hierin moet skryf en slaag.

Leer in beide gevalle beteken nie net die blote memorisering van die leerinhoud nie. In die algemeen word daar gekyk na die kinderlike teenprestasies wat daarvan bewys lewer dat die leerlinge *insig* het in die

leerinhoud in die sin dat hulle dit *verstaan* of *begryp*. In hierdie verband moet dan daarop gelet word of die leerlinge die feite verstaan, begrippe gesnap, samehange en verbande van probleme ingesien, en die betekenis van die leerinhoud vir hulleself toegeëien het (Gous 1972: 61-2).

Die aard en gehalte van die kinderlike leer van Bybelonderrig, en in 'n mate van Bybelkunde, hang nie net af van die aard van die leerling se openheid, sy intelligensie, ouderdom en liggaamlike en affektiewe gesteldheid nie, maar in 'n groot mate deur sy omgewing, bestaande lewenservarings en die aard van sy godsdienstige opvoeding tuis, en of die kind die Sondagskool/Kategese en die Kerk bywoon.

Leer vind in relasie met onderrig plaas. Die onderwyser onderrig die leerinhoud, in beide gevalle, op 'n bepaalde wyse. Die kind leer deur waarneming, selfkritiek, inprenting, deur op betekenis, waardes en norme te fikseer, deur te analiseer, te integreer, die gegewens tot hulle essensies te reduceer, en dergelike meer. Wanneer die kind die leerinhoud ken en insig daarin het, kan hy tot geloof in God kom via die Middelaar Jesus Christus deur die aanvaarding en toeëiening van die Bybel se waarhede en deur die werking van die Heilige Gees.

1.2.7 Werkopdragte

Die werkboek waarin werkopdragte uitgevoer word en veral vanaf standerd 1 tot 10 gebruik word, is 'n belangrike *leermiddel* waardeur die leerlinge op 'n aktiewe en kreatiewe wyse betrek word. In substanderds A en B word veral mondelinge werkopdragte uitgevoer, maar eenvoudige lyntekeninge wat hulle kan inkleur en/of uitknip, maklike legkaarte en prentjies wat op 'n groter blaaï geplak kan word, ensovoorts, kan effektief gebruik word. Vanaf standerd 1 tot 10 kan 'n groter verskeidenheid werkopdragte op gedifferensieerde wyse vir die leerlinge gegee word om uit te voer afhangende van die tipe leerinhoud, die vermoëns van die leerlinge, die tyd beskikbaar en die vindingrykheid van die onderwyser. Hierdie werkopdragte sluit die volgende moontlikhede onder andere in: illustrasies, die afskryf van kernverse of -aantekeninge, die opstel van eenvoudige tabelle of tydlyne, die rangskikking van gegewens, die teken of voltooiing van kaarte, die maak van kort opsommings, en dergelike meer. Alhoewel die werkboeke gereeld gekontroleer word, tel die punte wat sommige onderwysers daarvoor toeken nie vir eksamendoeleindes nie. Werkopdragte word normaalweg ook nie vir tuiswerk gegee nie. In die Bybelonderrigsillabus word daar na elke standerd se leerinhoud enkele

voorbeeld gegee van moontlike werkopdragte wat die leerlinge in daardie bepaalde standerd kan uitvoer.

Werkopdragte neem 'n belangrike en meer uitgebreide plek in Bybelkunde in. Die sillabus van Bybelkunde bepaal dat - "Opleiding in die toepassing van die regte studiemetodes is van ewe veel belang as die verwerving van kennis van Bybelkundige feite. Werkmetodes wat selfwerkzaamheid sal kweek behoort gevolglik aangewend te word. Ten einde hierdie doel te verwesenlik behoort leerlinge toegang tot 'n goed toegeruste naslaanbiblioteek te hê, behoort hulle leiding te ontvang onderwyl hulle gegewens vir 'n voorgestelde taak versamel en hulp te verkry wanneer die gegewens vir 'n bepaalde doel gerangskik word (Departement van Onderwys, *Bybelonderrig*: 3).

Aangesien Bybelkunde 'n vak is wat op die hoër of standaard graad geneem kan word, is werkopdragte een van die belangrikste aspekte ten opsigte waarvan daar gedifferensieer kan en moet word. Omdat geen groepe leerlinge, selfs binne 'n bepaalde studiegroep, byvoorbeeld die leerlinge wat Bybelkunde op die hoër graad neem, homogeen is nie kan die onderwyser ook binne so 'n groep gedifferensieerde werkopdragte gee om volgens hul eie aanleg en belangstelling uit te voer.

Werkopdragte in Bybelkunde is egter meer ingewikkeld en in die meeste gevalle ook meer breedvoerig as die van Bybelonderrig. Werkopdragte word ook gereeld as tuiswerk gegee. Die tipe werkopdrag varieer afhangelende van die tipe leerinhoud, die vermoëns van die leerlinge, die ywer en inisiatief van die onderwyser en die hulpmiddels wat beskikbaar is, byvoorbeeld 'n goed toegeruste naslaanbiblioteek.

Werkopdragte in Bybelkunde sluit variasies van onder andere die volgende in: selfstudietake wat in die naslaanbiblioteek uitgevoer moet word, korter of langer opsommings, kaarte wat geteken word, die bespreking van die een of ander onderwerp, uiteensettings, tydtabelle en -indellings, die identifisering, klassifisering en tabulering van gegewens, verduidelikings, blokkiesraaisels, ensovoorts.

Alle werkopdragte wat gegee word, of dit nou in Bybelonderrig of Bybelkunde is, moet minstens aan die volgende algemene kriteria beantwoord:

- a) dit moet sinvol wees;
- b) uitvoerbaar binne die beskikbare tyd;

- c) voortvloei uit die werk waarmee die leerlinge besig is;
- d) behoorlik geformuleer wees;
- e) aanpas by die leerlinge se kennis en moontlikhede;
- f) lei tot insigtelike leer;
- g) feitelik korrek;
- h) netjies en smaakvol aangebied;
- i) persoonlike waarde vir die leerlinge hê.

1.2.8 Evaluering

Aangesien Bybelkunde 'n volwaardige skoolvak is, word daar gereelde ge-differensieerde toetse en eksamens geskryf met die oog op die bevordering van die leerlinge.

Die evaluering van die leerlinge in Bybelonderrig is oor die algemeen heeltemal informeel en geskied veral by wyse van vraagstelling en werk-opdragte ten einde vas te stel of die leerlinge die inhoudelike van die les verstaan en ken. Eenvoudige skriftelike toetsies kan egter van tyd tot tyd afgeneem word. Simbole wat die uitslag van die leerling se prestasies reflekteer, kan op die leerling se skoolrapport ingevul word indien daar ruimte daarvoor is. Hierdie uitslag het egter niks met die leerling se bevordering aan die einde van 'n jaar te doen nie.

Die werklike verwesenliking van die oorspronklike opvoedingsdoelstellings van Bybelonderrig kan egter nie deur middel van vraagstelling of werk-opdragte geëvalueer word nie. Indien die leerling hierdie Bybelkennis werklik vir homself toegeëien het, dit wil sê tot leefinhoud gekonstiteer het, en hy dit as geloofswaarheid aanvaar het, sal hy dit in sy daaglikse lewe vergestalt.

1.2.9 Slotopmerking

Alhoewel voorafgaande uiteensetting nie bedoel is om in alle opsigte volledig te wees nie, maar slegs om enkele van die mees opvallende ooreenkomste en verskille tussen Bybelonderrig en Bybelkunde kortliks aan te dui, behoort dit tog vir die leser 'n idee te gee van wat die essensies van elk van die twee ter sprake vakke is.

LITERATUURLYS

- Gous, S J 1972 *Verantwoording van die didakties-pedagogiese*. Johannesburg: Perskor.
- Kaap die Goeie Hoop. Departement van Onderwys. *Bybelonderrig* (s a, jongste uitgawe).
- Kaap die Goeie Hoop. Departement van Onderwys. *Senior Sekondêre Kursus, Sillabus vir Bybelkunde (Hoër Graad)* (s a, jongste uitgawe).
- Kaap die Goeie Hoop. *Onderwysordonnansie*, no 20 van 1959, soos gewysig.
- Van der Stoep, F C A 1973 *Die Lesstruktuur*. Johannesburg: McGraw-Hill.
- Van Huyssteen J W V 1974 *Wat is Bybelkunde?* Port Elizabeth: U P E.